View in browser

# SAPPA

ISSUE 47 | 19 March 2026

## Inhoud/Contents


- Maart Oesskatting
- Pecans Highlighted for Heart Health in 25-Year Review
- Terugvoering van onlangse Verwerkersforum-vergadering
- Markontwikkelingsveldtog
- Die impak van R707 op pekanneutboere in Suid-Afrika
- Do You Know the Impact of the Fig Tree Borer in Your Orchard?

- SAPPA Groentoer – 25 Maart
- SAPPA Transformasieboere voltooi PCO-kursus

## Maart Oesskatting

Hoewel dit nog vroeg in die seisoen is en sekere faktore steeds die finale oesgrootte kan beïnvloed, dui die huidige aanduidings op ’n belowende 2026-seisoen. SAPPA se eerste oesskatting projekteer ’n nasionale oes van ongeveer **53 000 ton**, met ’n verwagte band tussen **50 300 ton en 55 600 ton**.

Produksietoestande in die meeste streke was oor die algemeen gunstig, en die bedryf bly op ’n stabiele groeipad. Histories is ongeveer 90% van die oes in-dop uitgevoer.

## Pecans Highlighted for Heart Health in 25-Year Review



A recent review of more than two decades of scientific research has highlighted pecans as a powerful food for supporting heart health. Researchers from the Illinois Institute of Technology analyzed **52 studies conducted between 2000 and 2025** to examine the effects of pecan consumption on cardiovascular and metabolic health.

Across the studies, people who regularly consumed pecans showed **improvements in total cholesterol and reductions in LDL (“bad”) cholesterol**, along with some evidence of improved triglyceride levels. These benefits are believed to be linked to pecans’ high levels of **monounsaturated fats, fiber and antioxidants**, nutrients known to support healthy fat metabolism and reduce oxidative stress associated with heart disease.

The review also found that people who include pecans in their diets often demonstrate **higher overall diet quality**, likely because pecans replace more

processed snack foods. Nutrition experts recommend about **one ounce per day (roughly 15–20 pecan halves)** as a convenient and nutrient-dense snack option. While researchers note that more studies are needed to establish direct cause-and-effect relationships, the long-term evidence consistently points to pecans as a beneficial addition to a balanced diet.

**Click HERE to read the article**

---

## Terugvoering van onlangse Verwerkersforum-vergadering

Tydens die onlangse Verwerkersforum-vergadering is verskeie praktiese sake bespreek wat daarop gemik is om die bemarking en vloei van Suid-Afrikaanse pekanneute verder te verbeter.

Een van die belangrikste onderwerpe was die **hantering van die Choctaw-kultivar**. Produsente word weer eens aangemoedig om **Choctaws so vroeg as moontlik te oes en te lewer**. Die doel is om logistieke en kwaliteit-uitdagings te beperk deur hierdie kultivar vroeg in die seisoen te hanteer. Daar is dus ’n sterk aanbeveling dat **Choctaws teen 31 Julie gelewer moet wees**, sodat dit **teen 15 Augustus uitgevoer kan word**. Hierdie benadering vereis goeie samewerking tussen produsente en verwerkers, maar kan help om druk op latere seisoen-logistiek te verminder en markgeleenthede optimaal te benut.

’n Tweede belangrike punt wat bespreek is, is die **klassifikasie van die “oversize”-kategorie**. Reeds tydens ’n vorige Verwerkersforum-vergadering is aanbeveel dat

die **OS1- en OS2-kategorieë saamgevoeg word in ’n enkele kategorie genaamd “Oversize”**. Die rede hiervoor is dat die meeste internasionale markte slegs een oversize-kategorie gebruik. Die vorige onderskeid tussen OS1 en OS2 het ook veroorsaak dat **OS2 se prys moontlik onder druk gekom het**, aangesien dit baie naby aan die volgende grootteklas, naamlik **Extra Large**, geposisioneer was.

Die aanpassing sal help om Suid-Afrika se klassifikasie beter te belyn met internasionale praktyke en kan bydra tot meer konsekwente markkommunikasie.

---

## Markontwikkelingsveldtog

Die Suid-Afrikaanse Pekanneutprodusentevereniging (SAPPA) het die afgelope jaar goeie vordering gemaak met internasionale en plaaslike markontwikkelingsinisiatiewe om die vraag na Suid-Afrikaanse pekanneute te bevorder.

In China het Pecans from South Africa ’n doelgerigte B2B-veldtog geloods wat uit twee artikels en 26 advertensies bestaan het. Die veldtog het 35 247 mense bereik en was spesifiek gerig op die bevordering van pekanneute binne die handelsomgewing.

Tydens die China Nasionale Vakansie (September tot Oktober) het Pecans from South Africa ook saam met sewe beïnvloeders gewerk om groter verbruikersbewustheid te skep. Hierdie veldtog het 21 plasings ingesluit en 8.3 miljoen mense bereik, met 15 452 interaksies. Die inhoud het hoofsaaklik...

**Kliek HIER om die volle artikel te lees**

Raak deel van die beweging en volg ons op Instagram deur die QR-kode te skandeer:

---

# Die impak van R707 op pekanneutboere in Suid-Afrika

Die onlangse gazettering van Regulasie R707 bring belangrike veranderinge vir Suid-Afrika se landbou-uitvoersektor, veral vir die pekanneutbedryf. Die regulasie, wat fokus op voedselveiligheid en higiëne vir uitvoerprodukte van plantaardige oorsprong, sluit nou ook boomneute soos pekanneute in.

Vir pekanneutboere beteken dit dat strenger vereistes ingestel word met betrekking tot naspeurbaarheid, rekordhouding en goeie landboupraktyke (GAPs). Aangesien die meerderheid van Suid-Afrika se pekanneute uitgevoer word, is voldoening aan internasionale standaarde noodsaaklik om marktoegang te behou.

Een van die grootste uitdagings vir produsente is die verhoogde administratiewe las wat met hierdie vereistes gepaard gaan. Die voordeel van voldoening aan R707 is egter...

**Kliek HIER om die volle artikel te lees**

---

## Do You Know the Impact of the Fig Tree Borer in Your Orchard?

We want to urge our producers to use the Good Practice Guide and scout their orchards to determine the presence of this pest and then complete the questionare.

The Fig Tree Borer (Phryneta spinator) is an indigenous pest that can cause serious structural damage to pecan trees through larval feeding in the main stem and scaffold branches. While damage is often sporadic, the full extent and impact of this pest within the South African pecan industry is not yet well quantified.

SAPPA has published a Good Practice Guide on scouting and managing Fig Tree Borer in pecan orchards, which provides practical information on identification, damage symptoms, seasonal occurrence, and current control options.
To better understand the prevalence and impact of this pest, we kindly ask producers to assist us by completing a short questionnaire.

The questionnaire will take approximately 2 minutes to complete
Your input will help SAPPA assess the industry-wide impact of Fig Tree Borer and guide future research, management recommendations, and support initiatives.

**Link to Questionnaire**

**Link to Good Practice Guide**



---

## SAPPA Groentoer – 25 Maart

🌱SAPPA nooi alle produsente en belangstellendes uit na 'n Groentoer op 25 Maart in Jacobsdal. Kom kyk na praktiese demonstrasies en luister na kundiges oor onder andere bestuiwing, hoëdigtheidsboorde, waterverbruik en wortelbestuur in pekanneute.

📍 Plaas van Herlu Smit, Jacobsdal

🕘 09:00 – 13:00

💰 R100 per persoon (ligte middagete en verversings ingesluit)

👉 Klik op die knoppie hieronder om te registreer en die volledige program te sien.

Registrasie sluit 20 Maart.

**Kliek HIER om te Registreer**

SAPPA

# Groentoer

25 Maart 2026, 09:00–13:00

Plaas van Herlu Smit, Jacobsdal,
Koördinate: -29.083919, 24.681637
Google Kaart Skakel: bit.ly/4san4N1

Registreer en betaal hier

Koste is R100 per persoon. Registrasie sluit 20 Maart.
Verversings en 'n ligte middagete sal voorsien word.

**Registreer en betaal hier: bit.ly/4ucHoiP**

## Program van die dag

| | |
|---|---|
| Registrasie | 08:00–09:00 |
| Verwelkoming | 09:00–09:15 |
| Addisionele bestuiwing – Dr Kritzinger | 09:15–09:45 |
| Besoek aan hoëdigtheidsboorde (5m×2m 6m×3m) – Harry Welham | 09:45–10:45 |
| Waterverbruik van hoëdigtheidsboorde – Dr Nicky Taylor | 10:45–11:10 |
| Waterverbruikvergelyking van hoëdigtheids- teenoor standaardaanplantings – Dr Nicky Taylor | 11:30–11:50 |
| Koolhidraatbestuur op pekanneute – Dr Kritzinger | 11:50–12:10 |
| Wortelontwikkeling en -bestuur op pekanneute (drup vs mikro- vs makrospuite) – Christo v.d. Westhuizen / Netafim | 12:10–13:00 |
| Middagete en netwerkgeleentheid | 13:00–14:30 |

**Indien daar enige vrae is, kontak gerus vir Hardus by: 083 465 6522 of hardus@sappa.za.org.**

# SAPPA Transformasieboere voltooi PCO-kursus




Vyf SAPPA transformasieprodusente, saam met twee SAPPA-personeellede, het onlangs 'n PCO (Pest Control Operator) kursus suksesvol voltooi.

Die kursus het op 18 September 2025 by Die Kasteel in Hartswater plaasgevind en is aangebied deur die Pest Management Academy. SAPPA is tydens die opleiding verteenwoordig deur Janru en Kele, saam met die volgende transformasieprodusente:

- Giel Wilson
- Lesley Latha
- Sindiswa Latha
- Kyle-Jones Middelton
- Karabo Tsogang

Die opleiding het sowat vier ure geduur en is afgesluit met 'n oopboek-toets oor die kursusinhoud. Deelnemers het ongeveer 12 weke later hul sertifikate van bevoegdheid (NQF Vlak 4) ontvang.

Hierdie opleiding vorm deel van SAPPA se voortdurende fokus op vaardigheidsontwikkeling en ondersteuning van transformasieprodusente in die bedryf.

---

## SAPPA Greetings / SAPPA Groete

SAPPA


**SAPPA**

Berlyn Sentrum (PTY) LTD, 7646, Paarl



Unsubscribe